

**Sondag 17 Desember**

**Skrifgedeelte: Maleagi 2:17 – 3:5**

**Fokusgedeelte: Maleagi 3:1**

**Wat beteken die Here se koms regtig vir jou?**

Die laaste en duidelikste Godspraak aan Israel oor die koms van die Messias. Geen ander bring die menslike faktor sterker aan die lig nie. By die mens is dit dikwels: God, ja, godsdiens, ja, maar wat kry ék daaruit? Hoe baat dit my? En deesdae al meer: Hoe vermaak dit my?

Israel het ongeduldig geraak met God. Wanneer kom Hy om sy beloftes te bewaarheid? Om al die onreg te straf? Waarom laat Hy toe dat die goddelose floreer? Hulle gaan van krag tot krag. Die Here het 'n behae in kwaaddoeners, sê Israel.

Maleagi bestraf die volk. Hulle vermoei die Here met hulle praatjies. Dan antwoord God self met hierdie Godspraak. Die Messias gáán kom. 'n Wegbereider sal dit voorberei. Dan, skielik sal Hy kom.

Sal hulle, so begaan dat Hy die goddelose moet straf, self kan standhou as Hy kom? Om die kwaad te verteer soos Hy deur die beeld van vuur en seep verduidelik?

Mag hierdie Godspraak ons Kersviering verdiep. Om tussen die menslike faktore deur te begryp: ons God is nie weg nie. Hy is selfs nie ver nie. Hy talm ook nie. Soos ons môre gaan hoor, is Hy elke dag besig om alles vir die weerkoms van sy Seun voor te berei. Hy het nie net gekom om ons sonde te versoen nie, om deur sy Gees by ons intrek te neem om ons te heilig nie. Ons Here Jesus Christus kom wéér. Dis die groot realiteit in ons aanbidding. Dit verg vóórbereiding.

*Sing: Skrifberyming 7-1:1, 3*

*Ds. CJ (Cornel) Nagel (Messina)*